

Logos Gemeente van Christus

Jesus se verwagting van 'n gemeente

Op 2 en 3, Op 2:1-7, 18-29

17 Mei 2020

Laasweek het ons gesien dat Johannes die opdrag ontvang het om alles wat hy gesien het in 'n boek op te skryf. Hierdie opdrag het gekom van 'n harde stem wat agter hom gepraat het. Toe hy kyk wie dit is wat met hom praat, het hy 'n visioen gesien van die Verheerlikte Seun van die Mens. In die visioen was Jesus beskryf as iemand wat soos God gelyk het en soos God gepraat het, omdat Hy self God is. Hy het oë gehad wat soos vuur vlam, en 'n swaard met twee snykante het uit Sy mond gekom. In Sy regterhand was die sewe sterre of engele van die sewe gemeentes, terwyl Hyself tussen die sewe gemeentes rondbeweeg het. As Johannes soos 'n dooie aan die voete van die Seun van die Mens neerval, praat Jesus met hom en sê dat Hy die Eerste en die Laaste is (dus dat Hy saam met die Vader in beheer is van alles wat gebeur) en dat Hy die Lewende is, wat die dood oorwin het en dus die sleutels van die dood en die doderyk het – daarom sal Hy nie toelaat dat iemand vir wie Hy gesterf het die doderyk sal ingaan nie. Alhoewel dit vreesaanjaend is dat Jesus presies bewus is van wat in alle gemeentes, ook ons s'n, gebeur en dat Hy dit weeg, is dit bemoedigend om ook te weet dat Sy doel is om die gemeentes op te bou, en dat Hy diegene wat werklik in Hom glo nie sal oorgee aan die dood nie. Daarom, het ons gesê, het ons ook deel aan die verdrukking, die koninkryk en die volharding.

Vanoggend wil ek stilstaan by die sewe briewe self, en spesifiek die gedeeltes van die briewe waar Jesus aandui wat Hy as prysenswaardig bevind het, asook wat Hy as afkeurenswaardig bevind het. Hiermee wil ons streef om ook ons as 'n gemeente te weeg. Die pad wat ons gaan loop, is soos volg:

- Geheelbeeld van die sewe briewe om te bestudeer wat Jesus aanmoedig en afkeur
- Implikasies as sekere elemente ontbreek in 'n gemeente
- Waar staan ons as 'n gemeente

Geheelbeeld van die sewe briewe om te bestudeer wat Jesus aanmoedig en afkeur

Dit is doodeenvoudig so dat daar in die sewe briewe baie sake deur Jesus aangespreek word. Dit kan oorweldigend wees. Ek wil poog om die dinge wat gesê word te groepeer in 4 groepe, wat hopelik sal help dat ons iets van 'n raamwerk het waarbinne ons kan dink om ons gemeente te weeg. Kyk saam met my na die brief aan Efese, en veral verse 2-4 om die vier groepe te identifiseer:

- In vers 2 sê Jesus: "Ek weet alles wat julle doen. Ek ken julle onvermoeide arbeid...". Ons sal netnou na die ander briewe kyk en dan sal ons sien dat Jesus daar ook baie klem lê op die daade wat gebeur in die gemeentes – sommiges goed en ander nie goed nie. Maar die eerste groepering waarna ons sal moet kyk, is die daade wat gebeur in die gemeentes.
- Ook in vers 2, sê Jesus: "Julle het ondersoek ingestel na die mense wat voorgee dat hulle apostels is, en dit nie is nie, en gevind dat hulle leuenaars is". Die tweede groepering wat ons na gaan kyk, is die dinge waarvoor die gemeente gedink het, kennis oor opgedoen het. In hierdie geval het hulle vals apostels ondersoek – en daarvoor het hulle hulle verstand gebruik. Nog 'n groepering is dus denke/kennis.
- In vers 4 sê Jesus: "..., julle het My nie meer so lief soos in die begin nie". Hier beoordeel Jesus die emosies van die hart, of as jy wil die motivering wat agter die daade en denke mag skuil. Die derde groepering is die hart/motivering agter die gebeure in die gemeente.

- In vers 3 sê Jesus: “Verder volhard julle ook; julle het baie vir My Naam verduur, en julle het nie moeg geword nie”. Duidelik weeg Jesus nie net wat hulle doen, dink en voel nie, maar ook of dit maar kortstondig van aard is, of dat hulle daarin volhard oor tyd heen. In die brief aan Tiatira gaan Jesus selfs nog verder en weeg of hulle selfs groei in hierdie dinge: “... Ek weet dat julle nou ook meer doen as tevore” (Op 2:19).

Opsommend: Hierdie vier groepe is: die denke (verstand sake, intellektuele oortuigings), die dade (hande, wat gebeur), die emosies of motivering (hartsake, wat dryf die denke en dade) en die oorwegings of dit volhardend gebeur en selfs groei oor tyd.

Onthou julle, ons het ‘n paar maande gelede gepraat oor wat geloof is. Toe het ons gesê: geloof is kennis plus vertrou plus oorgawe. EK het die voorbeeld gebruik van hoe jy ‘n vlug haal Kaapstad toe. Jy het kennis nodig (vlug no, tyd van vertrek, ens) – dis die verstand sake in die eerste groepering. Dan moet ek daardie kennis vertrou en daarvolgens handel (ek moet op regte tyd op lughawe wees – dis die dade gedeelte in die tweede groepering. Dan moet ek my daaraan oorgee (ek vertrou die loods sal verantwoordelik vlieg) – dis (soort van) die emosionele oorgawe of hartsake in die derde groepering. En, onthou toe ons Joh 15 bespreek het waar ons lees van die wingerdstok en die lote, het Jesus geleer die Vader word juis verheerlik indien ons al hoe meer vrug dra – dis die vierde groepering van volharding en groei.

Kom ons kyk nou na die sewe briewe om te sien wat ons daaruit kan leer in terme van verstand sake, dade, hartsake/emosies en volharding/groei – wat keur Jesus goed en wat keur Hy af. Natuurlik kan ons dit net oorvlugtig doen in een preek, maar die doel vandag is om ‘n geheelbeeld te vorm waaraan ons onself kan meet:

Efese (Op 2:2-6)

Denke: Hulle het die vermoë gehad om slegte mense te kan raaksien, wat beteken hulle kon goed en kwaad van mekaar onderskei (v2). Boonop het hulle hierdie valse apostels bestudeer en die gevolgtrekking gemaak hulle is vals (v2).

Dade: Hulle dade word as onvermoeide arbeid beskryf (v2). Hulle het die Nikolaiete verafsku (v6) en hulle het baie vir die Naam van Jesus verduur (v3)

Hart/Emosies: Hulle het Jesus nie meer so lief as aan die begin nie (v4)

Volharding/groei: Hulle volhard en word nie moeg nie (v3), maar tog het hulle agteruit beweeg in hulle liefde (v5)

Smirna (Op 2:8-10) – gemeente sonder afkeurings

Denke: Hulle het verstaan hulle is ryk t.p.v. hulle armoede (v9). Hulle het hulle vergewis van ‘n verantwoordelike beskouing oor die Jode wat deel was van die Sinagoge van die Satan (v9)

Dade: Hulle het verdrukking en kwaadstokery beleef (v9)

Hart/Emosies: Hulle word aangemoedig om nie bang te wees nie (v10)

Volharding/groei: Nulle word opgeroep om getrou te bly tot die ddo toe (v10b)

Pergamum (Op 2:13-15)

Denke: Bly getrou aan Jesus se Naam, en sweer nie hulle geloof af nie (vs13)

Dade: Hulle het nie hulle geloof afgesweer nie (v13), maar tog het hulle aanhangers van Bileam en die Nikolaïete in hulle midde verdra (v14-15)

Hart/Emosies: Hulle het nie hulle geloof afgesweer nie (vs 13)

Volharding/groei: Hulle bly getrou in die geloof selfs al word Antipas by hulle doodgemaak (v13)

Tiatira (Op 2:19-25)

Denke: Hulle hou vol in die geloof (v19). En dit lyk of hulle verstaan het Isebel was besig met onsedelikheid en afgodery (v20).

Dade: Goeie daade het ingesluit diensvaardigheid in liefde en geloof (v19), maar wat Jesus afkeur is dat hulle Isebel laat begaan het om Sy dienaars te verlei (v20).

Hart/Emosies: Hulle word geprys vir hulle liefde en geloof (v19)

Volharding/groei: Hulle word ook geprys oor hulle volharding en ook dat hulle nou selfs meer doen as tevore, en dus groei (v19)

Sardis (Op 3:1-3) – gemeente met net afkeurings

Denke: Hulle is verstandelik aan die slaap en onderskei nie dat hulle net in naam leef nie, terwyl hulle dood is (v1-2). Hulle word aangemoedig om weer oor die evangelie te gaan dink (v3)

Dade: Jesus het bevind dat die daade waarmee hulle besig is nie goed genoeg is voor die oë van God nie (v2)

Hart/Emosies: Hulle is geestelik (bykans) dood (v1-2)

Volharding/groei: Hulle is besig om agteruit te boer, en die bietjie wat oor is, is op die punt om ook dood te loop (v2)

Filadelfia (Op 3:8-11) – gemeente sonder afkeurings

Denke: Hulle het aan Jesus se boodskap vasgehou en Hom nie verloën nie (v8) en hulle kon duidelik die mense wat valslik voorgegee het dat hulle Jode is, onderskei (v9)

Dade: Hulle het Jesus nie verloën nie, en die valse Jode uitgewys (v9)

Hart/Emosies: Daar moes liefde vir Jesus wees as hulle Hom nie verloën nie (v8)

Volharding/groei: T.p.v. hulle min krag, het hulle aan Jesus e boodskap bly vashou (v8), selfs in lyding (v10)

Laodisea (Op 3: 15-18) – gemeente met net afkeurings

Denke: Hulle was valslik gerus en het gedink hulle is ryk, terwyl hulle arm, blind en kaal was (v17)

Dade: Wat ookal hier gebeur het, was lou. Dit het hoogstens die skyn van goeie daade gehad (v15-16)

Hart/Emosies: Hulle was selfvoldaan, en het hoogstens 'n lou liefde gehad vir Jesus (v15-16)

Volhard/groei: Hulle was ook besig om agteruit te gaan, en bekering was dringend nodig (v18)

Nou, ons het vinnig hierdeur gewerk. Maar kom ons som dit op:

Denke: Gemeentelede moet geloofskennis hê (bv. hulle moet weet ons word uit genade gered, deur die geloof in Jesus Christus, nie op grond van werke nie, maar wel tot werke om sodoende God te verheerlik). Hulle moet hulle verdiep om sodoende te onderskei tussen goeie dae en sonde. Hulle moet die ware leer van dwaalleer kan onderskei. Al met al, hulle moet verstandelik wakker wees.

Dade: Gemeentelede moet onvermoeid besig wees om te werk. Hulle werk sluit in dat hulle diensvaardig is teenoor ander. Lou en halfhartige dae duld hulle nie. Hulle lê hulle toe op gehoorsaamheid, en hanteer sonde. Nie net in hulle eie lewens nie, hulle hou ook 'n wakende oog oor hulle medegelowiges, en is selfs begaan oor die ongelowiges dat hulle gewaarsku moet word. Hulle duld nie dwaalleer nie – definitief nie in hulle midde nie, maar neem selfs standpunt in oor dwaalleer buite die gemeente. Hulle kennis gaan oor tot dae.

Hart/Emosies: Hulle word gedring deur liefde. In die eerste plek liefde vir God, daarna liefde vir medegelowiges en ook liefde vir alle mense. Hierdie liefde maak dat hulle nie selfsugtig optree nie. Hulle verstaan hulle verantwoordelikheid om oor God se eer besorgd te wees, en ook oor hulle medegelowiges, en selfs die ongelowiges. Hulle knyp nie maar net oë toe nie – as iets aangespreek moet word, doen hulle dit – uit liefde uit. Dit sluit in sonde en dwaalleer. Om stil te bly wanneer jy sonde of dwaalleer sien, is liefdeloos. Kyk maar net na die voorbeeld van Jesus wat briewe aan die gemeentes stuur om aan hulle te verduidelik hoe Hy hulle weeg. Natuurlik moet dit in liefde gebeur.

Volharding/groei: Gemeentelede moet volhard en selfs groei in hulle denke/kennis, in hulle dae en in hulle liefde. Dit kan nie maar 'n sporadiese of eenmalige oplewing wees nie. Nee, aldrie moet voortdurend gebeur, en in aldrie moet daar konstante groei wees. Onthou die wingerdstok en die lote in Joh 15. En dit moet die geval wees selfs wanneer dit gepaard gaan met lyding – selfs lyding tot die dood. Trouens, as jy na die twee gemeentes kyk wat slegs aanmoediging van Jesus ontvang, het hulle volhard te midde van lyding, selfs lyding tot die dood.

Implikasies as sekere elemente ontbreek in 'n gemeente

Wat ons leer is dat daar volhardende groei moet wees in ons denke, dae en liefde. Hoekom moet aldrie voortdurend aandag geniet? Kom ons dink wat gebeur as een of twee van die drie afwesig is:

Kennis sonder dae en liefde: Al is die geloofskennis en teologiese kennis hoe goed, sonder dae en liefde bly dit bloot 'n intellektuele oefening, en die uiteinde is die dood. Onthou, Jakobus redeneer geloof sonder dae is dood. My indruk is sekere teoloë val in hierdie slaggat. Of lidmate wat voortdurend teologiese debatte wil voer – maar dit kom nooit verder as 'n debat nie.

Kennis met dae sonder liefde: Al het iemand al die kennis, en gebruik selfs die kennis om die “regte dinge” te doen, as daar nie liefde in die hart is nie, is dit bloot 'n klinkende simbaal. Kyk maar na die Efese gemeente wat in hierdie rigting gedryf het. Dit lei tot dooie formalisme, waar die regte dinge gebeur, maar dit is nie werklik tot God se eer nie. Baie gemeentes val in hierdie slaggat.

Kennis met liefde maar ongeërgde dae: Dit sou moontlik wees om baie teologiese kennis te hê, en selfs 'n mate van liefde te betoon teenoor jou medegelowiges of selfs die wêreld. Maar jy het geen intensie om jou lewe te verander nie. Jy kan wekeliks luister na goeie prediking en lief wees vir die mense saam met wie jy in die gemeente is, maar jou lewe verander doodeenvoudig nie. Dit klink soos Sardis wat die naam het dat hulle lewe, maar dood is. Sien, geloof sonder dae is dood.

Dade sonder kennis en liefde: Daar is mense wat goeie dinge doen, sonder dat hulle bewustelik hulle ingrawe in God se openbaring in die Skrif, en wat hierdie goeie dinge doen vir persoonlike gewin. Dink aan jou kollega by die werk wat hard werk (dis goed) met die uitsluitlike doel om bevorder te word (persoonlike gewin). Jy kan dit selfs in die kerk kry. Byvoorbeeld: As jy betrokke raak by Hulpverlening (soos die Tronkbediening), sien jy baie keer die volgende – mense sal selfs gereeld kerk toe kom sonder enige begeerte om te luister na wat gepreek word of om enige liefde te betoon, nee, die enigste liefde wat betoon word, is selfliefde vir die hulp wat die persoon wil hê.

Dade met liefde sonder kennis: In die wêreld is daar baie mense wat goeie dade doen gedring deur liefde vir hulle medemens, sonder enige Skrifkennis as motivering om dit te doen. Dink maar aan al die humanistiese bewegings van ons tyd. Ek het julle al vertel van ons buurtannie oorkant die straat toe ek 'n kind was. Sy was die dierbaarheid self, het hard gewerk vir Witrand in Potchefstroom (instansie vir die versorging van verstandelik gestremdes), en tog was sy 'n uitgesproke ateïs. Die gevaar is dat dit in die kerk kan voorkom. Iemand leer om te doen wat gelowiges doen, hy word slegs lief vir gelowiges (hulle is dikwels nogal aangename mense), maar doen geen moeite om homself te verdiep in die Christelike leer nie. Dis waar van baie gelowiges wat uit gewoonte deel van die kerk is.

Liefde sonder dade en kennis: Ek noem dit sentimentalisme. Mense wat geen moeite doen om hulle in te grawe in God se openbaring aan die mensdom nie, maar bloot behoefte het om liefde van ander te ontvang. Hulle is nooit bereid om iets te doen wat tot ander se voordeel is of uit en uit tot God se eer is nie. Nee, tipies betoon hulle nie liefde nie, hulle wil dit net ontvang. Hulle leef bloot op emosies, wat hulle verwag voortdurend deur ander mense aangeblaas moet word, Gelowiges kan maklik deur sulke mense gemanipuleer word.

Waar staan ons as 'n gemeente?

Maar kom ons kom nader na die huis toe. Kom ons weeg ons gemeente aan hierdie verwagtinge wat Jesus het van 'n gemeente. Ek kan hoogstens maar my opinie gee, en ek hoop julle verstaan dit so. Julle mag dalk van my verskil. Wel, al wat ek voor wil vra is dat ons ernstig ons gemeente weeg. En 'n gesprek binne die gemeente oor waar ons as 'n gemeente staan – juis op hierdie punt in ons geskiedenis – kan net goed wees. Ek hoor graag waar julle van my verskil. Hier is wat ek waarneem:

Denke/kennis: Ek oordeel dat die gemeente in die algemeen goeie geloofskennis het. In die algemeen het ons 'n goeie begrip van die evangelie. Ons stem meestal saam oor wanneer iets goed of sleg is, en kan selfs Bybelse begroning daarvoor gee. Ons stem ook meestal saam oor die bekende dwaalleringe van ons tyd – dink maar aan voorspoedgodsdienste of mensgerigte godsdienste. Ek dink egter ons kan ons meer verdiep in die nuwe vraagstukke van ons dag. Dink byvoorbeeld aan al die natuurwetenskaplike ontwikkelings in bv die biotegnologie. Waaraan mag gelowiges deelneem en waaraan nie? Of dink aan praktiese dinge soos die implikasie van ongelykhede in ons land op die maniere waarop die evangelie versprei moet word.

Dade: Is daar voorbeelde van onvermoeide arbeid in ons midde? Ja, by baie, maar nie by almal nie. Diensvaardigheid? Ja, by baie, maar nie by almal nie. Worsteling met sonde in eie lewe en in ander se lewe? Ja, maar nie by almal nie, veral nie as dit beteken ek moet iemand anders aanspreek nie. Worsteling met dwaalleer? Ja, maar daar is geleentheid vir groei.

Hart/Emosies: Is daar bewyse dat daar 'n liefde is vir God in ons gemeente? Ek dink dat daar werklik heelwat sulke bewyse is. Maar daar is ook optredes waar verdere groei gepas sou wees. Is daar bewys van liefde vir medegelowiges? Ek dink weereens so, en kan selfs getuig ek beleef dit persoonlik. Maar daar is gevalle waar verdere groei nodig is. Is daar bewyse dat ons 'n liefde en

besorgdheid oor ongelowiges het? Ja, daar is verskeie in die gemeente vir wie dit werklik 'n passie is. Maar ek dink ook dat dit nie by almal die geval is nie.

Volharding/groei: Wel, mens sou wou argumenteer ons bestaan al 20 jaar. Ek het al gehoor dat mense redeneer hulle het nie gedink ons sal solank kan bly bestaan nie. Aan die ander kant, het ons die afgelope tyd 'n krisis beleef wat vrae oor die voortbestaan gelig het. Dit is ook so, dat daar deur die loop van die jare individue is wat weggeraak het. Maar netso waar, is dat verskeie van ons deel van die gemeente is van die begin af, en verskeie ander al vir baie jare. Ek persoonlik het definitief gegroei in die tyd, en ek glo baie van julle kan dieselfde getuig. Kon daar meer groei gewees het? Sekerlik, maar groei is nie afwesig nie. 'n Saak wat ek oor wonder is: Hoe goed sal ons volhard as ons werklik lyding ervaar?

Is ons 'n Smirna of 'n Filadelfia wat net aansporing van Jesus ontvang sonder dat Hy enigiets uitwys wat Hy afkeur? Ongelukkig dink ek nie so nie.

Is ons 'n Laodisea wat uitroep: "Ons is ryk, skatryk en ons het niks meer nodig nie!" My eerlike opinie is dat ons as gemeente nie so arrogant en kortsigtig is nie.

Of is ons dalk 'n Smirna, die ander gemeente wat net afkeurende opmerkings van Jesus ontvang het? Is ons vas aan die slaap, en is alles in ons midde op die punt om dood te loop? Weereens is my opinie dat ons miskien ietwat gerus geword het na 20 jaar. Maar die gebeure van die afgelope paar maande het ons geskud – en ek wil vertrou dat ons nou weer almal mooi wakker is.

Ek dink daar is elemente van Tiatira se liefde, geloof en diensvaardigheid in ons midde, selfs Efese se harde werk en soeke na suiwerheid in leer en lewe. Maar miskien het ons tog ook iets van ons eerste liefde verlaat deurdat ons nie noodwendig so paraat was teenoor die dinge wat in ons midde aan die gebeur was nie, en ook nie so paraat is teenoor al die verwickelinge wat in die wêreld rondom ons gebeur nie.

Ek wil nou met julle eerlik wees: Ek het oor die afgelope maande baie gedink en gebed oor ons gemeente se situasie en die pad vorentoe. Ek erken ek het by tye gedink om maar net boedel oor te gee en elders heen te gaan. Maar ek het nie. Ek word net toenemend bewus van medegelowiges vir wie ek lief is en wat vir my lief is en saam met wie ons al vir baie jare die geloofspad stap – en ek kan dit nie sommer net ignoreer nie. Na ek hierdie voorbereiding gedoen het vir vanoggend se preek, en ek ons gemeente geweeg het so goed as wat ek kon, is ek persoonlik oortuig ons is nie die perfekte gemeente nie. Daar is dinge wat aandag nodig het en waaraan ons moet werk en wat ons nie maar net kan los nie – maar daar is ook baie dinge wat ontsaglike kosbaar is. Ek weet nie presies wat die model is wat ons moet volg van hier af verder aan nie, maar – en nou praat ek in die eerste plek met myself, maar ook met elkeen van julle – ek dink one moet ons koppe optel en ernstig saam besin oor hoe ons die pad van hoer af verder loop. Die afgelope week het ons as Leierskap ook hieroor besin. Die realiteit is dat die inperking dit moeilik maak om as gemeente saam om die tafel te gaan sit en besin. Maar ons wil vra dat julle ook sal bid, dink en besin, sodat wanneer die geleentheid hom voordoet om saam te kom om te praat, ons 'n sinvolle gesprek kan hê oor hoe Logos kan voortgaan om 'n ligdraende staanlamp te wees in hierdie wêreld.